**14 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:24**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:24**

## Ek getuig van God deur my diensbaarheid aan Hom alleen

Jy is geroep om getuie vir Christus te wees. Jou getuienis begin by jou gesindheid in jou hart. Daarby bly dit nie. Jesus leer ons dat 'n mens se lewe ook 'n getuienis is. Jy getuig óf vir God óf vir Mammon, leer Jesus in sy Bergrede. Mammon is die wêreld met sy materialisme, sy gerigtheid op geld en aardse besittings.

God en sy koninkryk staan teenoor die ryk van die materialistiese wêreld. Die twee is nie met mekaar te versoen nie – dit is óf God óf Mammon. Waarom so? Indien jy jou beywer vir materiële welvaart, sal so 'n lewe jou heeltemal in beslag neem. Jou tyd en energie sal grootliks aan die verkryging van welvaart bestee word. God vra van jou jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou krag (Matt. 22:37.) Jy kan dus nie God én Mammon dien nie. Jy beywer jou óf vir materiële welvaart óf vir God.

Hierdie woorde van Jesus dring elke gelowige om selfondersoek te doen. Waarvoor beywer jy jou? Waaraan bestee jy die meeste tyd, energie, beplanning en gedagtes? Ons sondigheid maak dat die grootste deel van ons lewe maklik deur Mammon in beslag geneem kan word. So 'n lewe stuur af op 'n doodloopstraat.

Jesus het ons geleer hoe om in die koninkryk van God te leef. Hy het ons ook deur sy dood en opstanding verlos van die sonde van materialisme en ons nuut gemaak om met God en vir Hom in sy koninkryk te kan leef.

Die Heilige Gees woon en werk in my, sodat jy jou lewe wy, nie in diens van materiële welvaart nie, maar diensbaar aan God. Dien God dan met blydskap op elke terrein van die lewe en wees so getuie vir Hom.

*Sing: Psalm 119:1, 4 (1936)* *Ds. PJ Nel (Akasia)*